education
Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

# SEPTEMBER 2015

# AANGEPASTE MEMORANDUM

# PUNTE: 70

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word GEEN punte toegeken vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING nie. Die rede/motivering/aanhaling word oorweeg in die toekenning van ’n punt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoorde sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN/ OF die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| VRAAG | ANTWOORD | Denkvlak | PUNT |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Nóú/toet ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 1.2 | Toeter het ontstaan met die oogmerk/doel om mense/Afrikaanssprekendes toegang tot lekkerder/beter/gemakliker/sinvoller kommunikasie te gee. ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 1.3 | "... laat die poppe dans"/“...tonge los...”✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 1.4 | Dit is (meer) gebruikersvriendelik✓ en (meer) funksioneel ✓ | 1 | (2) |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Roelofse se aanname is dat *toeter* by sy Engelse eweknieë gaan kers vashou./dat dit stof in die oë van Engelse eweknieë gaan skop./dat dit gebruikers-vriendelik gaan wees./dat dit funksioneel slimmer as sy Engelse eweknieë gaan wees./dat dit eksklusief (in) Afrikaans is. ✓✓<br>*(Enige TWEE van die aannames)* | 1 | (2) |
| | | | |
| 1.5.2 | Roelofse kan van vooroordeel beskuldig word aangesien hy nog geen bewyse het dat sy aannames wel gaan realiseer nie./Roelofse openbaar ongegronde opgewondenheid oor die suksesse van *toeter./*Hy is voorbarig om te sê dat *toeter* beter as ander sosiale netwerke gaan wees voordat dit nog nie bewys is nie. ✓<br>*(Enige soortgelyke motivering)* | 3 | (1) |
| | | | |
| 1.6 | Die name van die magnete is gepas, want:<br>#bliksem pas by die nuus, want dit is dikwels skokkend vir die luisteraar ✓<br>#smous pas in die konteks, want dit dui op die aksie van 'n persoon wat handel dryf/wat goed verkoop van plek tot plek/rondreisende handelaar. ✓<br>**OF**<br>Hierdie magneetbenamings is nie gepas nie, want:<br>#bliksem mag vir sommige mense kru woordgebruik wees. ✓<br>#smous handelswinkel dui op 'n statiese gebou/struktuur terwyl sommige mense #smous as 'n rondreisende handelaar kan beskou✓<br>*(Enige soortgelyke motivering)* | 3 | (2) |
| | | | |
| 1.7.1 | Die gebruiker het die voordeel dat dit eie aan Afrikaans is./Dit het toepassings./Funksies in hulle eie taal./Jy kan lekker gesels./Foto's kan gedeel word./ Daar kan nuwe woorde geskep word./Gebruikers van toeter kan die hutssleutels gebruik om inligting oor magnete te bekom./✓✓✓<br>*(Enige drie voordele is aanvaarbaar)* | 1 | (3) |
| | | | |
| 1.7.2 | Die skrywer gebruik die woorde "daar is nog GLO heelwat in die pyplyn."✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 1.8 | Ja, want as jy 'n bekende kunstenaar of mediapersoonlikheid is, is jy 'n ster. Die woord blink dui daarop dat hy/sy goed is. ✓<br>*(Of enige soortgelyke motivering)*<br>**OF**<br>Nee, want dit is 'n geykte/holrug geryde uitdrukking/'n mens verwag 'n nuutskepping wat beter pas by die vernuwende sosiale netwerk. ✓ | 3 | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | *(Of enige soortgelyke motivering)* | | |
| 1.9 | Dit sal voordelig wees, want gebruikers kan sosiaal verkeer, privaat boodskappe stuur en na *toeter-tv* kyk. ✓✓<br>*(Enige twee redes)* | 2 | (2) |
| | | | |
| 1.10 | *Facebook/Twitter* lei gewoonlik tot leë kommunikasie✓ terwyl *toeter* sy gebruikers van doelgerigte kommunikasie verseker✓<br>Op *toeter* kan gebruikers hulle eie groepe en belangstellings kies✓ terwyl *Facebook/Twitter* se digitale stamgebondenheid wydlopig/kompleks is. ✓ | 2 | (4) |
| | | | |
| 1.11 | Die weglating daarvan sal veroorsaak dat die leser minder oortuig sal voel oor *toeter* se sukses/minder emosioneel geraak sal word/minder beïnvloed sal word/nie meer so sterk sal glo in *toeter* se sukses nie. ✓<br>*(Of enige soortgelyke motivering.)* | 3 | (1) |
| | | | |
| 1.12 | "Ek het indiepte navorsing gedoen..."✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 1.13 | Hy wou 'n sosialemedia-platform eie aan SA skep – dus in Afrikaans. ✓<br>Hy het beoog dat Afrikaners nou lekker sonder grense kan gesels. ✓ | 1 | (2) |
| | | | |
| 1.14 | My saampraatkas✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 1.15 | Dit beklemtoon die idee van "toet" as 'n nuwe vorm van kommunikasie/'n nuwe kommunikasiestyl./Die toeter (instrument) dui op 'n vorm van kommunikasie. ✓<br>*(Of enige soortgelyke verklaring)* | 2 | (1) |
| | | | |
| 1.16 | A manipulerend ✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 1.17 | Die mediaplatform (*toeter*) word gebruik om jou stem aanhoudend te laat hoor/op hierdie manier kan jy jou mening oor sekere aspekte lug. ✓✓ | 2 | (2) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

  Punte word soos volg toegeken:

  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - ~~Trek een punt af vir woorde nie aangedui nie.~~

  Verspreiding van punte vir taal:
  - 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4 – 5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

  Verspreiding van taalpunte wanneer kandidate woordeliks aangehaal het.

  - 6 – 7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie.
  - 1 – 5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is nie.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, lees tot by 90 en verder tot die einde van daardie sin.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

Kry 'n positiewe houding deur jou negatiewe gedagtes in positiewes te verander. 'n Bietjie stres laat jou adrenalien inskop sodat jy besef dat jy betyds moet begin leer en werk. Beplan volgens 'n kalender watter vakke jy wanneer gaan leer. Probeer om by jou studierooster te hou al gebeur onvoorsiene sake. Vra vir ondersteuning by jou ouers of iemand wat jou kan leer hoe om te leer. Eet gesonder wanneer jy leer. Gaan draf of doen oefening.

Getal woorde: 86 woorde

**OF**

| | **AANHALING** | | **EIE WOORDE** |
|---|---|---|---|
| 1 | 'n Positiewe houding sal jou help om negatiewe gedagtes te stop indien dit in 'n positiewe gedagtes verander word. | A | Kry 'n positiewe houding deur jou negatiewe gedagtes in positiewes te verander. |
| 2 | 'n Bietjie stres is nodig om jou adrenalien te laat inskop sodat jy besef dat jy vroegtydig moet begin leer of werk aan die taak | B | 'n Bietjie stres laat jou adrenalien inskop sodat jy besef dat jy betyds moet begin leer en werk. |
| 3 | 'n Kalender is belangrik, want dit help jou om te beplan watter vakke jy op watter dae gaan swot. | C | Beplan volgens 'n kalender watter vakke jy wanneer gaan leer. |
| 4 | Jy moet probeer om by jou studierooster te hou, al gebeur daar soms onvoorsiene sake wat jou dwing om jou planne 'n bietjie aan te pas. | D | Probeer om by jou studierooster te hou al gebeur onvoorsiene sake. |
| 5 | Soms het 'n mens net iemand se ondersteuning nodig. As jy met iets sukkel, praat met jou ouers oor ekstra studiehulp, of iemand wat jou kan leer hoe om te leer. | E | Vra vir ondersteuning by jou ouers of iemand wat jou kan leer hoe om te leer. |
| 6 | Probeer om gesonder te eet wanneer jy besig is om te swot | F | Eet gesonder terwyl jy leer./Eet ontbyt./Vermy gaskoeldrank/te veel lekkergoed./Drink baie water. |
| 7 | Gaan draf om die blok, of doen 'n bietjie oefening. | G | Gaan draf of doen oefening. |
| | | | **Getal woorde: 86** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

**SPELLING**

- Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
- In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
- Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

**SINSKONSTRUKSIES**

- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½-punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | Denkvlak | PUNT |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Die asterisk is noodsaaklik omdat dit die leser na die betekenis van die vreemde woord lei. ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 3.2 | Iets is moeilik/onaangenaam om te hanteer. ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 3.3 | (om te) verduidelik✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 3.4 | konnotatief✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 3.5 | Jip, die taalgrens is 'n taal spul omdat dit taalkenners gedurig aan die raai hou. ✓<br>*(Indien 'n kandidaat 'n komma voor omdat gebruik of die woordorde nie korrek is nie, verloor hy/sy die punt.)* | 3 | (1) |
| | | | |
| 3.6 | D kontaminasie✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 3.7 | assimilasie✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 3.8 | Moenie (Moet nie) die taai uit taal haal nie.✓<br>*(Moenie/Moet nie die taai uit taal uithaal nie is nie korrek nie.)* | 2 | (1) |
| | | | |
| 3.9 | Ja, 'n koeksister is taai en dit sluit aan by die begrip/kern dat die taalkwessie taai/'n moeilike begrip is. ✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 3.10 | daarvoor✓ | 2 | (1) |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 4: VISUELE TEKS

| VRAAG | ANTWOORD | Denkvlak | PUNT |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Ai, toemaar Ma, ek het met hom gepraat. ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 4.2 | Die hoofletter woorde/uitroepteken/emotiewe woord 'dekselse' dui daarop dat sy vies is. ✓<br>Daarom kners/byt sy op haar tande/haar oë is groot getrek en lyk kwaai/haar skouers is agteroor getrek. ✓<br>*(Soortgelyke verduidelikings is aanvaarbaar.)* | 2 | (2) |
| | | | |
| 4.3 | Flo sê/kla/kerm dat haar moeder vir haar gesê het dat sy die **vorige oggend daar** was. ✓<br>*(Die sin moet heeltemal korrek wees om 1 punt te verdien.)* | 3 | (1) |
| | | | |
| 4.4 | sat✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 4.5 | waarop jy daardie arme vrou behandel. ✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 4.6 | *(attributiewe)* byvoeglike naamwoord✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 4.7 | Kandidate voltooi Andy se woorde sodat dit op stereotipering dui, bv. Jy klink nou weer tipies soos 'n vrou wat oor alles kla. ✓<br>*(Enige soortgelyke antwoord kan oorweeg word.)* | 3 | (1) |
| | | | |
| 4.8 | Hy noem haar "Skat"/op 'n troetelnaam. ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 4.9 | Die komma staan altyd voor die naam van 'n aangesprokene. ✓ | 1 | (1) |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 5: KOERANTBERIG

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | soettand✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 5.2 | peperduur✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 5.3 | Switserse✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 5.4 | kwynende✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 5.5 | Mars Inc se kwelling/Die kwelling/'n Kwelling oor die kwynende kakaoproduksie is reeds vroeër (deur Mars Inc) uitgespreek. ✓ | 3 | (1) |
| | | | |
| 5.6 | Kakaosurplus/kakao-surplus/-oorskot/-oorvloed/-oormaat✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 5.7 | Die aandagstrepe word gebruik om aan te dui dat dit 'n parentese/ingelaste sin is./dui op ekstra inligting wat gaan volg. ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 5.8 | metrieke ton *(volledige antwoord vir 'n punt)* ✓ | 1 | (1) |
| | | | |
| 5.9 | wyte ✓ | 2 | (1) |
| | | | |
| 5.10 | Die koppelteken skei die opeenhoping van klinkers/vokale om die lees van die woord te vergemaklik./Dit vorm 'n koppeling met 'n eienaam. ✓ | 2 | (1) |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou